
MT 24-25 : JESUS SE PROFETIESE REDE [3]

Die aanloop tot die klimaks [24:4-14]

No. E226

Die Here Jesus se baie uitdruklike versekering in Mt 24:34 dat al die dinge wat Hy tot op daardiepunt in Sy profesie uitgespel het nog in daardiegeslag se leeftyd sal plaasvind, is kennelik deurslaggewend vir die verstaan van hierdie uiters moeilike hoofstuk. Die probleem is egter dat talle van die dinge wat die Here in die voorafgaande verse beskryf, vir ons gevoel nie anders kan nie as om saamte hang met die wederkoms - wat uiteraard selfs vir ons nog toekomstig is.

Maar kom ons maak voorlopig die aanname dat die uitsprake tot en met 24:35 te doen het met destyds. Dan toets ons dit deur versigtig deur die verse te werk, voordat ons uiteindelik tot 'n finale slotsom kom.

Voordat ons na detail kyk, is dit soos altyd goed om eers 'n oorsigtelike prentjie te kry.

Die beheersende gedagte

'Dis opvallend dat al drie sinoptiese evangelies begin met 'n dringende waarskuwing teen misleiding (Mt 24:4-5; Mk 13:5-6; Lk 21:8). Waarteen? Mense wat in die dramatiese tye wat voorlê sal daarop aanspraak maak dat hulle die Christus is! En volgens Lukas sê die Here dat die tyd naby is. Laat ons nie verbaas wees dat die Here Sy apostels so dringend teen misleiding waarsku nie. Daar wag in die volgende jare 'n paar uiters belangrike en strategiese take op hulle. En miskien is die heel belangrikste die ontvang en op skrif stel van die Nuwe Testament, en die vestiging van die jong kerk

daarin. Onuitspreeklik katastrofies sou dit wees as hulle prooi sou word van misleiding. Dit sou alles vernietig waarvoor die Here Jesus gekom het. 'n Kerk sonder 'n volledige en betroubare Bybel is so verdwaal soos 'n blinde tydens 'n stikdonker nag iewers in die wildernis.

Dramatiese gebeure in die komende jare

Jesus se profesie vir daardie "geslag" val uiteen in meer as een onderafdeling (vg; OAV; NAV). Die eerste deel beskryf die aanloop tot die klimaktiese gebeure (v.4-14, OAV), die tweede die verskyning van "die gruwel van die verwoesting" en die tyd daarna (15-28), die derde die koms van die Seun van die mens (29-31). En laastens dan 'n kort slotgedeelte - die gelykenis van die vyeboom, die uitspraak oor "hierdie geslag", en Jesus se versekering van Sy woorde se betroubaarheid (32-35). *Kom ons kyk agtereenvolgens hierna - nou eers net die eerste gedeelte, die aanloop.*

Die aanloop tot die krisisgebeure (4-14)

In die tyd voordat die gruwel van die verwoesting in die heiligdom, oftewel die tempel, gaan staan, gaan uiters moeilik vir die dissipels wees. Dit sal 'n tyd van baie natuurlike katastrofes wees (24:7; Mk 13:8; Lk 21:10-11). Daarbenewens sal vals profete baie bedrywig wees. En hulle sal baie mense mislei (24:5; Mk 13:5). Sonde sal toeneem, en die liefde van baie sal verkoel (24:12). Só oortuigend sal baie van die valse predikers se woorde en dade wees, dat selfs die apostels op hulle hoede moet wees om nie agter hulle aan te loop nie. Om alles te kroon, sal die dissipels deur almal gehaat word (Mk 13:13; Lk 21:17). Hulle sal vervolgt word (24:9; Mk 13:9, 11; Lk 21:12) - helaas ook deur hulle eie dierbares (Mk 13:12; Lk 21:16). Dit gaan gevolglik groot volharding van hulle vereis (24:13; Mk 13:13; Lk 21:19).

Maar al hierdie dinge sal ook vir hulle die geleentheid skep om hulle getuie uit te dra (Mk 13:9-11; Lk 21:13-15). Die einde sal nie kom

voordat die "evangelie van die koninkryk in die hele wêreld" aan "al die nasies" verkondig is nie (24:14).

In die hele wêreld aan al die nasies?

Matteus gee die volledigste weergawe van hierdie stelling van die Here Jesus. Ook Markus meld dit (13:10), maar heelwat korter - en dan somer so in die middel van die beskrywing van die vervolgings wat die dissipels gaan ervaar.

Die vraag is: wat bedoel die Here Jesus? Gaan dit nog in die leeftyd van daardie geslag gebeur; of is die einde waarvan Hy praat dié van hierdie wêreld wanneer Hy weer kom?

Laasgenoemde is vir seker hoe die oorgrote meerderheid gelowiges dit verstaan. Die probleem is net dat dit beswaarlik in die hoofstuk se logika inpas. Die gang van Jesus se argument wil impliseer dat Hy bedoel dat ook hiêrdie profesie nog in daardie geslag vervul sal word.

Maar, sal jy sê, dit kan tog nie - tensy Jesus dit natuurlik verkeerd gehad het. Nee, sal jy sê, ons het geen ander keuse as om te aanvaar dat die Here die wederkoms in die oog het nie.

Almiskie! As mens weer nadink oor v. 14, ontdek jy dat hierdie vers dalk wêl kan verwys na iets wat reeds voor die val van Jerusalem vervul is.

- Die Nuwe Testament verwys meermale na die Romeinse ryk van destyds as die hele wêreld. Enkele uitsprake sê uitdruklik dat die hele wêreld vroeg-vroeg reeds die evangelie gehoor het. Handeling 2 impliseer dat mense "uit al die nasies onder die son" op die Pinksterdag die evangelie gehoor het (5). In Rm 1:8 skryf Paulus: "... in die hele wêreld praat die mense oor julle geloof." Veral is twee verse in Kol 1 betekenisvol. Vers 6: "Die evangelie het julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by julle ...". Vers 23: "Dit is die evangelie wat aan al die mense op aarde verkondig is ...". Dalk is dit wat Jesus bedoel. Bes moontlik sê Hy hier dat die evangelie elke uithoek van die bekende wêreld voor

die val van Jerusalem in 70 n.C. sal bereik - nog in daardie geslag. Volgens tradisie en vroeë Christelike geskrifte het die apostels inderdaad ver en wyd gepreek. Andreas het byvoorbeeld in Skitië gepreek, en daarom beskou die Russe hom as hulle apostel. Tomas was tot in Indië; Petrus moontlik tot in Babilon. En Matteus, Jakobus en Mattias het in Afrika gepreek, so ver suid soos Etiopië.

- Let verder ook op presies wat Jesus hier sê. Die evangelie sal dien as 'n "getuigenis" vir al die nasies (OAV). Neem in ag hoe die apostels tydens die eerste jare van hulle prediking op die Jode gekonsentreer het. Dan kan dit wees dat Hy hier bedoel dat die heidene, wanneer Jerusalem uiteindelik vernietig word, sal weet dat God regverdig is, aangesien Hy alles gedoen het om die Jode 'n laaste kans te gee om hulle te bekeer. Immers is die evangelie dwarsdeur die bekende wêreld gepreek - en beswaarlik was daar 'n Jood wat nie die evangelie op 'n manier gehoor het nie.

- Ek sien nie kans om met dogmatiese stelligheid te sê dat bogenoemde die regte verstaan van Mt 24:14 is nie. Maar enige redelike mens moet toegee - veral in die lig van die konteks - dat dit 'n moontlikheid is. En moenie dink dat so 'n verklaring die groot opdrag ondermyn nie. Dit staan, op grond van ander Skrifopdragte, so vas soos die berge. Aan die ander kant, al sou die vers betrekking hê op die wederkoms, kan dit bloot verstaan word as dat Jesus sê dat Sy dissipels nie moet dink - as hulle al die verskriklikhede sien wat met die val van Jerusalem saamhang - dat dit noodwendig die einde van alles is nie. Nee, hulle moet verstaan dat die evangelie eers aan alle nasies op aarde verkondig moet word voordat Hy weer sal terugkom. En dit gaan vir seker nie sommer so gou-gou gebeur nie. Uiterste volharding sal nodig wees.

Wat sê dit vir ons?

1. Laat ons nederig met Skrifgedeeltes omgaan

waaroor daar nie glasheldere duidelikheid is nie. Soos laas beklemtoon, is dit belangrik om die profesieë reg te verstaan. Maar dis ewe belangrik om te verstaan dat nie alles in die Bybel ewe duidelik is nie. En veral geld dit die profesieë.

In hierdie verband is nederigheid nie net 'n teken van godsvrug nie, maar ook van ingeligtheid. Ware geleerdheid is altyd beskeie. Dis halfgebakte kennis wat arrogant en gearriveerd is.

Moet ons dan oor niks met dogmatiese finaliteit standpunt inneem nie? Dis vir seker nie wat ek wil sê nie! Inderdaad is daar waarheid waarvoor ons bereid moet wees om te sterf. Maar dis waarheid waarvan drie dinge geld. *Eerstens* gaan dit oor die pilare van die geloof, waarsonder alles in duie stort. En dis 'n eienskap van Christelike volwassenheid om presies te weet wat hierdie absolutes is. *Tweedens* sal dit dinge wees wat glashelder duidelik deur die Skrif geleer word - weer en weer. En *derdens* sal dit waarhede wees wat deur die eeue deur die ware kerk dieselfde verstaan en bely is.

Dis die eeue-oue wêreld van ons praat: *in necessariis unitas, in nonnecessariis libertas, in omnibus caritas* (in die noodsaaklike dinge eenheid, in die nie-noodsaaklike vryheid, in alles liefde).

Wat die *necessarii* betref, moet ons altyd onthou dat dit in God se onverdiende genade vir ons oopgebreek is. En sover dit die *non necessari* aangaan, moet ons die vryheidsbeginsel kompromieeloos vashou. Laat ons Fariseïsme soos die pes vermy. Mag die Here ons daarvan bewaar om die muggie uit ons bekere te skep, terwyl ons kamele insluk. Onthou wat sê die Here Jesus: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid, is die dinge wat volgens die wet die swaarste weeg (Mt 23:23-24). O, mag die Here só in ons midde werk, dat ons by uitnemendheid aan hierdie dinge geken word - terwyl ons die *necessarii* in hulle fyn skakerings verstaan, onwrikbaar handhaaf, en wyd en syd verkondig!¹

1. Tot ons skande geld dit dwarsdeur die Christelike kerk, maar helaas is onverdraagsaamheid, betersweterigheid en hooghartigheid dikwels aan die orde van die dag in die sg.

2. Laat ons die Here vashou om óns vas te hou.

In die gedeelte waarna ons nou gekyk het, waarsku die Here Jesus Sy dissipels teen misleiding en teen die moeilike tye wat op hulle wag. Maar hierdie waarskuwings bly uiteraard altyd relevant vir die kerk oraloor en deur alle tye - ook vir ons. Mag ek, soos laas keer, ons nogeens oproep om gedurig te bid dat die Here ons op Sy pad van waarheid, egtheid en eerlikheid sal hou. En wat swaarkry en vervolging betref, ervaar ons grootliks die teenoorgestelde daarvan. Maar ek meen dis, hoewel baie geriefliker, aansienlik gevaarliker as dit wat die dissipels tydens daardie eerste jare na Pinkster beleef het. As kru sonde sy duisende kerkmense verslaan, maai wêreldgelykvormigheid waarskynlik sy tienduizende af in ons welvaartsgemeenskap. Laat ons onthou wat Jakobus skryf: "Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is" (Jk 4:4). Waarlik, ons het bidwerk om te doen - nie net vir onself nie, maar ook vir ons kinders en hulle kinders.

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.
* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500; E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 6966526; 082 8489396.
* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906

gereformeerde wêreld. Eintlik moet ek sê, daardie deel van die gereformeerde wêreld wat prooi geword het van die noodlottige siekte van dooie ortodoksie. Maar laat daar geen misverstand wees nie, hierdie skrywer is skaamteloos en met hartstog gereformeerd in sy oortuigings. Maar van dooie ortodoksie hardloop hy weg soos vir die dood self. Ten diepste gaan dit altyd, altyd oor 'n wandel met, 'n liefde vir, en die eer van die drie-enige God van die Bybel. En niks help mens hierin méer as Godgesentreerde, Christusgefokusde en Woordgefundeerde waarheid nie (of kortom gestel, die reformatoriese of gereformeerde waarheid. Eintlik hoef ons net te praat van "wáre waarheid", wat dwarsdeur die Bybel as enigste waarheid glashelder geleer word).